

# GLO jy aan engele?

In Kerstyd hoor ons die Bybelverhaal van die engel met die blye tyding, maar besoek engele ons vandag nog?

Deur LUISA VAN DER LINDE

**Hierdie tyd van die jaar is daar baie klem op engele. Daar is engele op Kersbome, vele Kerskonserte met fraai engeltjies en mammas trek vir hul kinders wit klere aan en soek naarstig na vlerkies.**

Besoek engele vandag nog mense en is daar engele wat ons beskerm?

Yolanda Swart van Vanderbijlpark dink so. Haar twee dogtertjies, Tanya (5) en Kaylee (8), het vroeg vanjaar met hul swart motorfietsies voor in die erf gery. Yolanda was by die werk en die huiswerker was besig om wasgoed op te hang.

Sy vertel: "Tanya het op een van die palissade se penne, wat onder tussen die pale was, geval. Die pen is deur haar ken en het onder haar oog uitgekom. Kaylee het gehardloop en Tanya van die pen afgelig.

"Ná die tyd het Tanya vertel van die oom wat haar vasgehou het. Hy het vir haar gesê: 'My poplap, wees net rustig, alles is oukei.' Daar was niemand naby die erf nie. Tanya het vertel hoe die oom Kaylee omarm het toe sy haar uit die pen haal. Sy kon nie uitgepraat raak oor hoe vriendelik die oom was nie. Ek weet nie hoe om dit te sê nie: Tanya was histeries, maar Kaylee was baie rustig."

Chris du Plessis van Krugersdorp sê hy en 'n vriend het in 2005 van Sabie na Hazyview motorfiets gery.

"Ek het teen 200 km/h deur een van die draaie gegaan, geval en my kop teen die sypaadjie gekap. Ek het bewus geword van vier mense wat om my staan en my vashou.

"Dit was net ek en my vriend wat daar was. Ek glo definitief dit is engele wat my vasgehou het. Ek het teen daardie spoed 45 meter ver getrek, maar net een rib gebreek en is dieselfde aand nog uit die hospitaal ontslaan."

Elna Schutte van Vereeniging het voor haar histerektomie 'n lig in haar kamer bo haar bed gesien.

"Ek kon duidelik die lig in die spieël sien. Een aand, 'n week voor die operasie, was ek wakker en skielik kon ek deur die kombuismuur sien. Buite op die hoek het 'n man tussen die huis en stoor gestaan. Hy was hoër as die huis.

"Ek onthou goed hy het wit vere, soos 'n swaan se vere, gehad. Ná my histerektomie het ek geen pyn gevoel nie. Ek weet nie hoekom hy daar was nie, maar ek het 'n verskriklike vrede in my gekry en was nie bang vir die operasie nie.

"Wat ek gesien het, kan net van die Here wees. Ek voel spesiaal dat ek dit gesien het en glo vas dat dit 'n engel was."

Shutterstock/ Elena Schweitzer

## Die ENGELVROU

Belinda Bras-Nel is 'n siener en gee mense leiding en inspirasie van engele af. Sy het ook 'n boek *My pad met engele* (LAPA Uitgewers) geskryf.

In die boek vertel sy onder meer hoe sy ingenieurswese studeer, maar opgeskop het. "In my vierde jaar (prakties) het ons fakulteit Potchefstroom toe geskuif. Ek was baie moeg en het sommer op my boeke aan die slaap geraak. Daar is selfs breinskanderings gedoen, maar niemand kon iets fout vind nie. Ek het baie jare depressie gehad en was so angstig dat ek nie uit die huis wou gaan nie. Ek het vir God gevra: 'Wys my die pad hier uit, want ek voel nie soos 'n ma vir my kinders nie.'

"Drie maande later het ek en my kinders, Luc (toe een) en Julika (toe drie), skarlakenkoors gekry. Dit was aand, my man het geslaap en ek het 'n belewenis gehad van vier wesens wat by die voetenent van ons bed staan. Die volgende dag kon ek duidelik hul name, uitgespel in lig bo hul koppe, herroep. Ek kry nou nog hoendervleis as ek daaraan dink."

Dit was tien jaar gelede. Belinda vertel dat sy met engele begin praat het, al was dit volgens die samelewing verkeerd.

"Ek het aangehou om vir God te sê ek glo ek is hier vir 'n rede."

Belinda sê sy glo nie engele het werklik 'n vorm nie. "Hulle wys hulself vir jou op 'n manier waarmee jy gemaklik is. Soms sê mense dit is jyself en as jy nie minstens 'n teologiese graad het nie, is jy nie bekwaam om met God te praat nie.

"Ek dink ons as mense praat baie met God, maar luister baie min. Sommige mense kry 'n boodskap deur 'n boek of 'n liedjie, maar as jy lank genoeg stilsit en luister, is die boodskap eintlik daar. Mense is so besig, hulle sien nie die antwoorde raak nie en maak dit as hul verbeelding af."

Belinda sê sy het vir God gevra om vir haar 'n teken te gee dat dit reg is dat sy met engele praat. "Ek het die radio aangeskakel en die liedjie Must be talking to angels gehoor. Mense het gesê ek is skisofrenies. Ek het net vir God gesê 'wys my' en elke keer Bybel-stukkies ter bevestiging gekry. Dit is 'n pad wat ek met God stap. Ek sal nooit uit my eie vir iemand boodskappe van engele gee nie. Ek wag vir iemand om my in 'n sessie te vra."

Belinda skryf in haar boek onder meer hoe om engele se begeleiding te ervaar en vertrou en sy deel direkte boodskappe wat sy ontvang het oor onderwerpe soos selfmoord, huwelike, verhoudings en kinders.

"Engele se begeleiding is altyd positief. Dit is wanneer jy kies om daarteen te gaan wat jy negatiewe goed in jou lewe kies en verkeerde besluite maak. Dis vir my interessant dat elke kliënt engele verskillend ervaar. Ek ervaar engele in 'n menslike vorm met vlerke. Ander mense ervaar hulle wanneer hul ligballe bo iemand se kop sien.

"'n Engel sal nie aan iemand verskyn wat vir hom sal skrik nie. Engele wag dat ons met hulle moet praat en ek wil hê mense moet vir hul kinders leer jy hoef nie vir hulle bang te wees nie. Jy kan engele vra om jou kamer te vul sodat niks wat negatief is daar inkom of jou onrustig maak nie.

"Mense sê soms hulle sien vere waar engele was as hulle vir tekens vra. Ek soek darem iets 'n bietjie meer substansieel, maar engele het ook 'n sin vir humor. Ek het al uit my motor geklim en dan lê daar 'n veer op my skoot en weet ek my gebede word verhoor en ek word ondersteun."

Belinda vertel dis 'n keuse om van engele bewus te wees. "Ek dink ons is nie wakker vir dit wat daagliks gebeur nie. Vir my is dit altyd daar, maar ons skakel dit aan en af soos wat ons dit nodig het.

"As mense in 'n ongeluk was, vra hulle: 'Waar was my beskermengel?' Ons is hier op aarde om te leer en te groei. As jy heeltyd die pyn en ongemak uit jou lewe probeer haal, gaan jy nie beleef wat jy moet beleef om te kan groei nie. Ons het almal dinge wat ons moet leer. Engele is daar om jou daardeur te help. As jy deur 'n moeilike tyd gaan, is jy 'n wyser mens."

> Ná die tyd het Tanya vertel van die **oom** wat haar **vasgehou** het. Hy het vir haar gesê: 'My poplap, wees net **rustig**, alles is **oukei**'

## TEOLOOG se SIENING

Prof Stephan Joubert is 'n buitengewone professor in Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria en ook die navorsingsgenoot in teologie aan die Radboud Universiteit Nijmegen in Nederland.

Hy sê van die klassieke misverstande oor engele is dat God by uitstek engele gebruik om gelowiges te bewaar en dat mense se eie ervarings met engele, wat hulle nooit self behoorlik in die lig van die Bybel interpreteer nie, skielik die norm word.

"Nog misverstande is dat engele gereeld aan gelowiges verskyn, God se hoofopenbaringsbron is, vrye hemelse agente is wat 'n oop agenda van hul eie het en dat verskillende soorte engele verskillende funksies tot voordeel van mense vervul.

"Engele is in God se diens. Hulle is sy hemelse dienswerkspan en weermag wat slegs op sy bevel handel. Wanneer engele wel met mense kontak het, waarsku die Bybel dat gelowiges moet seker maak hulle kom van God af en is nie die bose in vermomming nie."

Prof Stephan sê engele kan nie gebede verhoor en gunsies op aarde doen nie. "Ek sou waag om te sê dat 'n belangstelling in engele toeneem as mense God as veraf en onpersoonlik begin beleef. Veral in die Joodse tradisie in die tyd tussen die Ou en Nuwe Testament het die belangstelling in engele die hoogte ingeskiet toe God vir hulle onbereikbaar ver gevoel het. In die Nuwe Testament is Jesus die Woord wat mens geword het. Hy is naby, toeganklik en kenbaar, daarom is engele nie op die voorgrond nie.

"Daar is 'n onoorbrugbare kloof tussen engele en mense. Ons kry geen opdrag om kontak met hulle te soek of te probeer maak nie. Ons kry ook die opdrag om hulle telkens aan die Skrif te toets. Ons moet juis ons oog op Christus hou en engele kan maklik die fokus verskuif. Vandaar dat die Bybel ons nooit op enige manier aanmoedig om ons hoop of heil in engele te soek nie. Engele is nie '*spiritual coaches*' nie. Die Gees lei ons in die waarheid." **V**